

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



*You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊*

*Thank You for Supporting SA Exam Papers*

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexampapers.co.za](http://www.saexampapers.co.za)



**SA EXAM  
PAPERS**



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**BESIGHEIDSTUDIES**

**FEBRUARIE/MAART 2017**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 300**

**Hierdie memorandum bestaan uit 44 bladsye.**

**NOTAS AAN NASIENERS****INLEIDING**

Die notas aan nasieners word voorsien vir gehalteversekeringsdoeleindes om die volgende te verseker:

- (a) Regverdigheid, konsekwentheid en betroubaarheid in die standaard van nasien
- (b) Fasiliteer die moderering van kandidate se skrifte op verskillende vlakke
- (c) Vereenvoudig die nasienproses met inagneming van die breë spektrum merkers oor die hele land
- (d) Implementeer toepaslike maatreëls in die onderrig, leer en assessering van die vak by skole/onderwysinstellings

1. Vir nasien- en modereringsdoeleindes word die volgende kleure aanbeveel:

Nasiener	Rooi
Senior Nasiener	Groen
Adjunk-hoofnasiener	Bruin
Hoofnasiener	Pienk
Interne Moderator	Oranje
DBE Moderator	Turkoois
2. Kandidate se antwoorde vir AFDELING B en C moet in volsinne wees. Dit sal egter van die aard van die vraag afhang.
3. 'n Omvattende memorandum word voorsien, maar dit is geensins volledig nie. Behoorlike oorweging moet gegee word aan 'n antwoord wat korrek is, maar:
  - 'n Ander uitdrukking gebruik as wat in die memorandum gegee word
  - Uit 'n ander bron kom
  - Oorspronklik is
  - 'n Ander benadering gebruik

**LET WEL: Daar is slegs een korrekte antwoord in AFDELING A.**

4. Neem kennis van ander verwante antwoorde wat deur kandidate verskaf word en ken punte dienooreenkomstig toe. (In die geval waar die antwoord onduidelik is of 'n mate van begrip aandui, moet deelpunte toegeken word, byvoorbeeld een punt in plaas van die maksimum van twee punte.)
5. Die woord 'subtotaal' word gebruik om die toekenning van punte binne 'n vraag of subvraag te vergemaklik.
6. Die doel daarvan om punte (gelei deur 'maks' in die uiteensetting van die punte) aan die regterkant te omkring is om konsekwentheid en akkuraatheid te verseker met die nasien van die skrifte asook met berekening/moderering.
7. Subtotale van vrae moet in die regterkantlyn geskryf word. Omkring die subtotale, soos aangedui by die toekenning van punte wat aan die einde van elke vraag verskyn. Dit moet deur 'maks' in die memo/uiteensetting van punte gelei word. Slegs die totaal vir elke antwoord moet in die linkerkantlyn langs die toepaslike vraagnommer verskyn.

8. In 'n indirekte vraag moet die teorie sowel as die antwoord tersaaklik wees en verband hou met die vraag.
9. Foutiewe nommering van antwoorde in AFDELING A en B sal streng geenaliseer word, daarom word korrekte nommering in alle afdelings sterk aanbeveel.
10. Geen addisionele krediet moet vir die herhaling van feite gegee word nie. Dui aan met 'n 'H' of 'R'.
11. Neem kennis dat geen punte toegeken sal word vir die aanduiding Ja/Nee in die evalueringstipe vrae wat motivering of bevestiging vereis nie. (Van toepassing op AFDELING B en C.)
12. Die verskil tussen 'evalueer' en 'kritiese evaluering' kan soos volg verduidelik word:
  - 12.1 Wanneer 'evalueer' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem, bv. **Positief:** *'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word √ op lang siviele hofgedinge.'* √
  - 12.2 Wanneer 'kritiese evaluering' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem. In hierdie geval word van kandidate ook verder verwag om hulle antwoorde te ondersteun met dieper insig, bv. *'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word √ op lang siviele hofgedinge √, want die werkgewer sal nie verantwoordelik wees om vergoeding aan die werknemer te betaal as beserings opgedoen is tydens werksure nie, solank as wat die besigheid kan bewys dat hy nie agterlosig was nie.'* √

**LET WEL: Bogenoemde kan ook van toepassing wees op 'ontleed'.**

13. Die toekenning van punte moet gelei word deur die aard van die vraag, kognitiewe werkwoord wat gebruik is, punttoekenning in die memorandum en die konteks van elke vraag.

Kognitiewe werkwoorde, soos:

- 13.1 Adviseer, noem, aanbeveel, stel voor (*lys nie volledig nie*) vereis gewoonlik nie veel diepte in kandidate se antwoorde nie. Die uiteensetting van punte vir elke stelling/antwoord sal dus aan die einde daarvan verskyn.
- 13.2 Beskryf, verduidelik, bespreek, brei uit, regverdig, ontwerp, ontwikkel, ontleed, evalueer, evalueer krities (*lys nie volledig nie*) vereis meer diepgaande begrip, toepassing en beredenering. Die punte moet dus meer objektief toegeken word om te verseker dat assessering volgens die vasgestelde norme geskied, sodat eenvormigheid, konsekwentheid en regverdigheid behaal kan word.

**14. AFDELING B**

14.1 Indien, byvoorbeeld, VYF feite vereis word, sien die kandidaat se EERSTE VYF antwoorde na en ignoreer die res van die antwoorde. Dui dit aan deur 'n lyn deur die onnagesiende gedeelte te trek en gebruik die woord 'Kanselleer'.

**LET WEL: Dit is slegs van toepassing waar die getal feite gespesifiseer word.**

14.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, gee VOLLE krediet aan die kandidaat. Punt 14.1 geld steeds.

14.3 Indien daar van kandidate verwag word om hulle eie voorbeelde/menings te gee, beredeneer dit by die nasiensentrum ten einde die alternatiewe antwoorde te finaliseer.

**14.4 Gebruik van kognitiewe werkwoorde en toekenning van punte:**

14.4.1 Waar die getal feite wat vereis dat kandidate moet 'verduidelik/bespreek/beskryf', gespesifiseer is, sal dit soos volg nagesien word:

- Feit 2 punte (of soos aangedui in die memorandum)
- Verduideliking 1 punt

Die 'feit' en 'verduideliking' word apart gegee om die toekenning van punte te vergemaklik.

14.4.2 Indien die getal feite nie gespesifiseer word nie, moet punttoekenning gelei word deur die aard van die vraag en die maksimum punte in die memorandum toegeken.

14.5 **EEN punt kan toegeken word vir antwoorde wat maklik is om te herroep, wat een woord as antwoord vereis of wat direk aangehaal word uit 'n scenario/gevallestudie. Dit is spesifiek van toepassing op AFDELING B EN C (waar van toepassing).**

**15. AFDELING C**

15.1 Die punte-uiteensetting vir die opsteltipe vrae is soos volg:

Inleiding	<b>Maksimum: 32</b>
Inhoud	
Gevolgtrekking	
Insig	<b>8</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>40</b>

## 15.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

Struktuur/Uitleg	Is daar 'n inleiding, inhoud en 'n gevolgtrekking?	<b>2</b>
Ontleding en vertolking	Is die kandidaat in staat om die vraag in opskrifte/subopskrifte te ontleed/korrek te interpreteer sodat begrip van wat gevra word, getoon word?	<b>2</b>
Sintese	Is daar relevante besluite/feite/antwoorde gemaak wat op die vrae gebaseer is? Punte behoort toegeken te word volgens die onderstaande gids: Geen relevante feite: 0 (Twee '-S') 'n Paar relevante feite: 1 (Een '-S') Slegs relevante feite: 2 (Geen '-S')  NB: 1. Indien daar geen '-S' is, ken die maksimum van TWEE (2) punte toe. 2. Waar 'n kandidaat minder as 50% van die vraag met relevante feite beantwoord het, verskyn geen '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt toe.	<b>2</b>
Oorspronklikheid	Is daar bewyse van voorbeelde, aktuele inligting, huidige neigings en ontwikkelings?	<b>2</b>
<b>TOTAAL VIR INSIG:</b>		<b>8</b>
<b>TOTAAL VIR FEITE:</b>		<b>32</b>
<b>TOTALE PUNTE VIR OPSTEL (8 + 32):</b>		<b>40</b>

- LET WEL:**
1. Geen punte sal toegeken word vir inhoud wat herhaal word uit die inleiding en gevolgtrekking nie.
  2. Die kandidaat verbeur punte vir uitleg indien die woorde **INLEIDING** en **GEVOLGTREKKING** nie voorkom nie.
  3. Geen punte sal toegeken word vir uitleg as die opskrifte **INLEIDING** en **GEVOLGTREKKING/SLOT** nie deur 'n verduideliking ondersteun word nie.
  4. Met ingang November 2017 sal 'n kandidaat 'n maksimum van **EEN (1) punt** vir opskrifte/subopskrifte en **EEN (1) punt** vir vertolking (16 of meer uit 32 punte) toegeken word. Dit geld spesifiek vir die ontleding en vertolkingsdeel van insig.

15.3 Dui insig in die linkerkantse kantlyn aan met 'n simbool, bv. ('S, A, S en/of O').

15.4 Die komponente van insig word aan die einde van die voorgestelde antwoord/nasienriglyne vir elke vraag aangedui.

15.5 Sien alle relevante feite na totdat die **SUBMAKS/MAKS** punte vir elke onderafdeling behaal is. Skryf '**SUBMAKS**'/'**MAKS**' nadat maksimum punte behaal is.

- 15.6 Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insig soos volg aan:  
S – Struktuur, A – Ontleding, S – Sintese, O – Oorspronklikheid soos in die tabel hieronder aangedui.

<b>INHOUD</b>	<b>PUNTE</b>
Feite	<b>32 (maks.)</b>
S	<b>2</b>
A	<b>2</b>
S	<b>2</b>
O	<b>2</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>40</b>

- 15.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die submaksimum wat aangedui word, veral as kandidate nie dieselfde subopskrifte gebruik nie. Onthou opskrifte en subopskrifte word aangemoedig en dra by tot insig (struktuur/logiese vloei/volgorde) en dui duidelikheid van denke aan. (Sien PUNTE-UIEENSETTING aan die einde van elke vraag.)
- 15.8 Indien die kandidaat die vraag VERKEERD identifiseer/vertolk, kry hy/sy steeds punte vir uitleg/struktuur.
- 15.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik word, maak seker dat antwoorde geassesseer word in ooreenstemming met die punttoekenning/subopskrifte soos aangedui in die memorandum.
- 15.10 15.10.1 Ken TWEE punte toe vir volledige sinne. Ken EEN punt toe vir frases/sinsdele, onvoltooide sinne en vae antwoorde.
- 15.10.2 Met ingang November 2015, sal die TWEE punte nie noodwendig aan die einde van elke voltooide sin getoon word nie. Punte (✓) sal geskei wees en langs elke feit aangedui word, bv. 'Produkontwikkeling is 'n groeistrategie/waar ondernemings poog om nuwe produkte✓ in bestaande markte bekend te stel.'✓ Dit sal deur die aard en konteks van die vraag, sowel as die kognitiewe werkwoord wat gebruik is, gelei word.
- 15.11 Met ingang November 2017, sal die maksimum van TWEE (2) punte vir feite in die memo as opskrifte getoon, nie noodwendig vir elke vraag geld nie. Dit sal deur die aard van die vraag bepaal word.

**AFDELING A****VRAAG 1**

1.1	1.1.1	B√√		
	1.1.2	D√√		
	1.1.3	A√√		
	1.1.4	D√√		
	1.1.5	B√√		
	1.1.6	C√√		
	1.1.7	A√√		
	1.1.8	A√√		
	1.1.9	C√√		
	1.1.10	D√√	(10 x 2)	<b>(20)</b>
1.2	1.2.1	Wet op Verbruikersbeskerming√√		
	1.2.2	Bestuurders√√		
	1.2.3	Aflegging√√		
	1.2.4	Probleemoplossing√√		
	1.2.5	Stukwerk√√	(5 x 2)	<b>(10)</b>
1.3	1.3.1	E√√		
	1.3.2	J√√		
	1.3.3	F√√		
	1.3.4	I√√		
	1.3.5	H√√	(5 x 2)	<b>(10)</b>

**TOTAAL AFDELING A: 40****UITEENSETTING VAN PUNTE**

<b>VRAAG 1</b>	<b>PUNTE</b>
<b>1.1</b>	<b>20</b>
<b>1.2</b>	<b>10</b>
<b>1.3</b>	<b>10</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>40</b>



**AFDELING B**

Sien slegs die EERSTE DRIE antwoorde na.

**VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS****2.1 PESTWO-ontleding**

- Polities✓
- Ekonomies✓
- Sosiaal/Maatskaplik✓
- Tegnologies✓
- Wetlik✓
- Omgewing✓

**LET WEL: Sien slegs die eerste SES (6) na.**

**(6 x 1) (6)**

**2.2 Besigheidsomgewings en die mate van beheer**

BESIGHEIDSOMGEWING	MATE VAN BEHEER
Mikro-omgewing✓	- Volle beheer✓✓
Makro-omgewing✓	- Geen beheer✓✓
Mark-omgewing✓	- Beperkte/Min beheer/invloed✓✓
Submaks (3)	Submaks (6)

**LET WEL: Die mate van beheer moet verband hou met die besigheids-omgewing.**

**Maks (9)**

**2.3 Leerlingskappe**

- Teoretiese/Praktiese opleidingsgeleentheid✓ wat kan lei tot 'n erkende beroeps-kwalifikasie.✓
- Gestruktureerde leerprogramme✓ wat gedurende werksure voltooi word vir 'n gespesifiseerde tydperk.✓
- Ooreenkoms✓ tussen 'n leerder/student, werkgewer en 'n opleidingsverskaffer.✓
- Ooreenkoms kan indiensneming vir 'n bepaalde periode✓ nadat leerdschap voltooi is, insluit.✓
- Sluit 'n opleidingskursus met leermateriaal in✓ sowel as praktiese werks-ondervinding.✓
- Enige ander relevante antwoord wat met die verduideliking van leerlingkappe verband hou.

**Maks (4)**

**2.4 Integrasiestrategieë****2.4.1 Terugwaartse integrasie/Terugwaarts✓✓****Motivering**

GHW het met Clear Beverages/'n verskaffer van koeldranke, saamgesmelt.✓

**LET WEL: Geen punte moet toegeken word vir motivering sonder die korrekte identifikasie van integrasiestrategie nie.**

Identifikasie (2)

Motivering (1)

**Maks (3)**

**2.4.2 Ander soorte integrasiestrategieë**

- Voorwaartse integrasie✓
- Horisontale integrasie✓

**(2)**

### 2.4.3 Redes waarom besighede integrasie-strategieë gebruik

- Besighede gebruik dit wanneer hulle hul bedryfsveld/-mark wil uitbrei.√√
- Verspreidingskanale van produkte word korter/middelman word uitgeskakel, en daarom word aanbod-/verspreidingsuitdagings meer effektief bestuur/Meer beheer word oor die verspreidingskanaal verkry.√√
- Verkry direkte verspreiding deur franchise te bekom/oornames te maak./Neem beheer van ander besighede wat soortgelyke produkte/dienste produseer/verkoop.√√
- Verkry toegang tot nuwe markte.√√
- Nuwe/Ander soorte produkte kan aangebied word.√√
- Skep 'n geleentheid vir sinergie, bv. twee besighede kan saam meer bereik as hulle hul bronne saamvoeg.√√
- Verminder bedryfskoste.√√
- Minder mededingers, want soortgelyke besighede in die mark is oorgeneem/uitgeskakel.√√
- Verseker betroubare vloei van grondstowwe/klaarprodukte teen mededingende pryse.√√
- Enige ander relevante antwoord wat met redes waarom besighede integrasie-strategieë kan gebruik, verband hou.

**LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE (3) na.**

**(3 x 2) (6)**

## 2.5 Nasionale Kredietwet

### 2.5.1 Nie-nakoming deur QCF

- Quick Cash Fondse stel lenings beskikbaar aan enigeen wat kontant op kort kennisgewing nodig het.√
- QCF moedig mense aan om vir lenings aansoek te doen ongeag hul finansiële status.√
- QCF gebruik misleidende en bedrieglike metodes om potensiële klante te lok.√

**LET WEL: 1. Ken slegs punte toe vir antwoorde wat verband hou met nie-nakoming van die NKW.**

**2. Antwoorde moet uit die scenario aangehaal word.**

**(2 x 1) (2)**

### 2.5.2 Maniere waarop QCF aan die Nasionale Kredietwet (NKW) kan voldoen

- QCF behoort by die Nasionale Kredietreguleerder te registreer.√√
- Dien 'n jaarlikse voldoeningsverslag in by die Nasionale Kredietreguleerder.√√
- Verkry kredietrekords/-inligting van klante voordat lenings toegestaan word.√√
- Doen kredietwaardigheidsassesserings om te verseker dat klante wel hul verpligtinge betyds sal kan nakom.√√
- Voorsien pre-ooreenkoms state aan aansoekers.√√
- Maak alle koste van 'n lening bekend/Geen versteekte koste behoort gehef/bygetel te word nie.√√
- Enige ander relevante antwoord wat met maniere waarop QCF aan die NKW kan voldoen, verband hou.

**Maks (8)**

## 2.6 Impak van BBSEB op besighede

### Positiewe/Voordele

- Voorheen benadeelde werkers sal vaardig word,√ omdat besighede verplig is om hulle vir opleiding te stuur.√
- Besighede wat voldoen aan BBSEB ten opsigte van die pilare√ sal hoog aangeslaan word op die SEB telkaart/kan regeringstenders kry.√
- Moedig besighede aan om die eise van regstelling√ en gelykheid aan te spreek.√

- Voorsien 'n verskeidenheid sakekodes√ om indiensnemingsgelykheid te verbeter.√
- Voorsien geleenthede vir/Bemagtig voorheen benadeelde werknemers√ deur sosio-ekonomiese prosesse wat op opheffing gefokus is.√
- Voorsien vir menslike hulpbron-ontwikkeling√ deur opleiding.√
- Bevorder sake-ontwikkeling,√ deur entrepreneursvaardighede van voorheen-benadeelde/aangewese mense te ontwikkel sodat hulle hul eie besighede kan begin.√
- Besighede sal 'n goeie oorsig kry van hul prestasie√ in terme van die nasionale vereistes van die land.√
- 'n Goeie BBSEB-telling√ sal die besigheid se beeld verbeter.√
- Deur te fokus op BBSEB, toon die besigheid toewyding√ jeens die maatskaplike/ sosiale/opvoedkundige/ekonomiese ontwikkeling in gemeenskappe/land.√
- As die besigheid een keer bepunt is, sal hulle verstaan hoe om BBSEB-strategieë te ontwikkel√ wat hul BBSEB-tellings op 'n jaarlikse basis sal verbeter.√
- Frontering ('Fronting') word ontmoedig√, omdat dit kan lei tot die diskwalifikasie van 'n besigheid se totale telkaart/BBSEB-status.√
- Besighede wat voldoen aan BBSEB se aandeelpryse kan moontlik styg√, want hulle kan meer besigheid lok/kry.√
- Besighede wat Klein, Mikro, Medium Ondernemings (KMMOs) ondersteun√, kan hul eie SEB-gradering verbeter.√
- Deur te voldoen aan BBSEB vereistes kry besighede ondervinding/blootstelling√ om sodoende beter werksgleenthede/personeelontwikkeling te skep.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die positiewe impak van BBSEB op besighede verband hou.

#### EN/OF

#### Negatiewe/Nadele

- Besighede moet deur die proses gaan waardeur hulle BBSEB-voldoening gemeet/ geverifieer word√ deur 'n onafhanklike BBSEB-verifiëringsagentskap.√
- Besighede wat met die regering sake wil doen,√ moet hul BBSEB-status jaarliks laat assesseeer.√
- Voorsien vir voorkeurverskaffing√, wat sekere besighede dus uitsluit van die verskaffing van goedere/dienste.√
- Prosesse kan lei tot korrupsie/nepotisme√, as dit nie behoorlik gemonitor word nie.√
- Vele besighede is al deur SEB-graderings benadeel√, omdat hulle nie in staat was om aan al die vereistes van die gradering te voldoen nie.√
- Prosesse en prosedures kan baie duur wees vir 'n besigheid√, omdat daar baie wetlike vereistes is om 'n gradering te behaal wat voldoende is.√
- Besighede kan groot finansiële implikasies ondervind/boetes betaal√, as hulle nie voldoen aan BBSEB nie.√
- Besighede moet geld spandeer in areas wat deur die sewe/vyf pilare van BBSEB vereis word√ om goeie BBSEB-graderings te kry.√
- Beleggings-/en eienaarskapskwessies√ kan ongelukkigheid tussen huidige aandeelhouers veroorsaak.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die negatiewe impak van BBSEB op besighede verband hou.

**Maks (10)**

**2.7 Doeltreffendheid van die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI) op besighede**

- Bevorder gelyke geleenthede✓ en regverdige behandeling in die werkplek.✓
- Bevorder die implementering van regstellende aksie✓ om die ongelykhede van die verlede aan te spreek.✓
- Moedig diversiteit in die besigheid aan✓ deur mense met verskillende rasse/kulture//godsdiensige agtergronde aan te stel.✓
- Voorsien alle werknemers gelyke geleenthede✓ om gekeur/aangestel/bevorder te word in 'n pos.✓
- Voorkom onregverdige diskriminasie teen werknemers✓ in enige indiensnemingsbeleid/-praktyk op een/meer gronde, insluitend ras/geslag/gestremdheid/taal✓, ens.
- Skep 'n raamwerk vir aanvaarbare aanstellingspraktyke✓ en regstellende aksie maatreëls.✓
- Verskaf regsmiddele aan werkers✓ indien hulle glo dat daar onregverdig teen hulle gediskrimineer is.✓
- Moedig konsultasie aan✓ tussen werkgever en werknemers.✓
- Verplig besighede om 'n gelyke indiensnemingsplan✓ te ontwikkel/implementeer.✓
- Enige ander relevante antwoord wat met die doeltreffendheid van die WGI op besighede verband hou.

**Maks (10)**  
**[60]**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

<b>VRAAG 2</b>	<b>PUNTE</b>
<b>2.1</b>	<b>6</b>
<b>2.2</b>	<b>9</b>
<b>2.3</b>	<b>4</b>
<b>2.4.1</b>	<b>3</b>
<b>2.4.2</b>	<b>2</b>
<b>2.4.3</b>	<b>6</b>
<b>2.5.1</b>	<b>2</b>
<b>2.5.2</b>	<b>8</b>
<b>2.6</b>	<b>10</b>
<b>2.7</b>	<b>10</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>60</b>

**VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE****3.1 Reaksie op/Beantwoording van vrae aan die einde van 'n aanbieding**

- Maak seker dat jy elke vraag/wat gevra word, verstaan.√√
- Lewer kommentaar/Herbewoord 'n vraag indien onderseker, voordat dit beantwoord word.√√
- Luister aandagtig na elke vraag/Dink mooi voor antwoord gegee word.√√
- Spreek die vraag/vrae aan en nie die persoon nie.√√
- Gee erkenning vir goeie vrae.√√
- Bly te alle tye professioneel/beleefd/kalm/toeganklik/nie-aggressief.√√
- Moenie in 'n debat/argument betrokke raak nie.√√
- Moenie toelaat dat een lid van die gehoor die bespreking/sessie domineer en al die vrae vra nie.√√
- Vermoed die beantwoording van moeilike vrae as die antwoord nie bekend is nie.√√
- Maak verskoning vir 'n fout en beloof om die korrekte inligting aan almal beskikbaar te maak.√√
- Spreek die hele gehoor aan en nie net die persoon wat die vraag gevra het nie.√√
- Beloof om antwoorde wat jy nie geken het/nie van seker is nie, op te volg.√√
- Enige ander relevante antwoord wat met die beantwoording van vrae aan die einde van 'n aanbieding verband hou.

**LET WEL: Sien slegs die eerste VIER (4) na.****Maks (8)****3.2 Soorte aandele**

3.2.1 Bonusaandele√√

3.2.2 Voorkeuraandele√√

3.2.3 Stigtersaandele√√

3.2.4 Gewone aandele√√

**Maks (8)****3.3 Funksies van die JSE**

- Gee geleentheid aan finansiële instellings, bv. versekeringsmaatskappye om hul fondse in aandele te belê.√√
- Dien as 'n barometer/aanwyser vir ekonomiese toestande in Suid-Afrika.√√
- Hou beleggers ingelig deur aandeelpryse daagliks te publiseer.√√
- Dien as 'n skakel tussen beleggers en publieke maatskappye.√√
- Aandele word waardeur en geëvalueer deur deskundiges.√√
- Klein beleggers word genooi om deel te neem aan die ekonomie van die land deur die koop/verkoop van aandele.√√
- Risiko-/Waagkapitaalmarkte word beskikbaar gemaak op die ope mark.√√
- 'n Goed georganiseerde mark vir sekuriteite/dien as 'n gedissiplineerde mark vir sekuriteite.√√
- Moedig nuwe beleggings aan.√√
- Mobiliseer fondse vir versekeringsmaatskappye en ander instellings.√√
- Verkry primêre kapitaal.√√
- Reguleer markte vir verhandeling in aandele.√√
- Beplan, doen navorsing en gee advies oor beleggingsmoontlikhede.√√
- Verseker dat die mark bedryf word√ op 'n deursigtige manier.√
- Voorsien beskerming√ aan beleggers.√
- Moedig korttermyn√ beleggings aan.√
- Fasiliteer elektroniese verhandeling√ van aandele/STRATE.√√
- Enige ander relevante antwoord wat met die funksies van die JSE verband hou.

**Maks (8)**

**3.4 Belangrikheid van 'n belegging in vaste deposito's**

- Rente word teen 'n vaste koers verdien√ ongeag die veranderinge in die ekonomiese klimaat.√
- Beleggingstermyn√ kan kort/medium/lank wees.√
- Verseker finansiële dissipline√, want beleggers kan nie hul fondse onttrek voor die verval-/uitbetaaldatum nie.√
- Beleggers kan kies√ watter beleggingsperiode hulle die beste pas.√
- Beleggers verdien 'n beter opbrengs op belegging√ as op 'n gewone spaarrekening.√
- Hoofsom plus rente verdien√ word op die verval-/uitbetaaldatum aan die belegger uitbetaal.√
- Dit het 'n lae risiko√ omdat beleggers gewaarborg/seker is van die finale uitbetaling.√
- Hoe hoër die hoofsom/beleggingsbedrag/Hoe langer die beleggingsperiode√, hoe hoër is die rentekoers wat deur finansiële instellings aangebied word.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die belangrikheid van 'n belegging in vaste deposito's verband hou.

**Maks (3)****3.5 Verskille tussen saamgestelde en enkelvoudige rente**

<b>SAAMGESTELDE RENTE</b>	<b>ENKELVOUDIGE RENTE</b>
- Rente verdien op die oorspronklike bedrag belê√, sowel as rente verdien in vorige periode(s).√	- Rente verdien op die oorspronklike bedrag√ en nie op vorige periodes se aangewaste rente nie.√
- Hoofsom groei√ met die toevoeging van rente.√	- Hoofsom bly onveranderd√ oor die volle periode van die belegging.√
- Rente word bereken op 'n hoër hoofsom√ en dan weer daarby getel.√	- Rente word apart gehou√ tensy dit herbelê word.√
- Lewer hoër√ opbrengs op belegging.√/ Totale rentebedrag verdien op belegging√ is hoog.√	- Lewer kleiner√ opbrengs op belegging√/ Totale rentebedrag verdien op belegging√ is laer.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met saamgestelde rente.	- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met enkelvoudige rente.
Submaks (4)	Submaks (4)

- LET WEL:**
1. Die antwoord behoort in tabelformaat/verskille op 'n geörganiseerde manier gelys te wees.
  2. Verskille moet duidelik met mekaar verband hou.
  3. Ken 'n maksimum van **VIER (4)** punte toe, indien verskille nie duidelik is nie/Merk net saamgestelde of enkelvoudige rente.

**Maks (8)****3.6 Leierskapstyle****3.6.1 Demokraties√√****LET WEL:** Aanvaar Deelnemend/Konsultatiewe leierskapstyle.**Motivering:**

- Ms Green vra gereeld vir werknemers om idees te gee oor hoe om die besigheid se winste te verhoog/Werknemers is betrokke in besluitneming.√

**LET WEL:** Geen punte word vir motivering toegeken sonder die korrekte identifikasie van die leierskapstyl nie.

Identifikasie (2)

Motivering (1)

**Maks (3)**

### 3.6.2 Impak van demokratiese leierskapstyl op Baloyi Handelaars/besigheid Positiewe/Voordele

- Ms Green laat haar werknemers toe om deel te neem aan die besluitnemingsproses√, so hulle voel bemagtig/positief.√
- Personeel gee 'n verskeidenheid van idees/insette/terugvoering/standpunte√ wat kan lei tot innoverende/verbeterde produksiemetodes/verhoogde verkope.√
- Duidelike/Tweerigting-kommunikasie√ verseker groepstoewyding tot finale besluit(e).√
- Gesag word gedelegeer√ wat werkers kan motiveer/inspireer om meer produktief te wees.√
- Komplekse besluite kan geneem word√ met insette van deskundiges/vaardige werkers.√
- Enige ander relevante antwoord wat met 'n positiewe impak van 'n demokratiese leierskapstyl op Baloyi Handelaars/'n besigheid verband hou.

#### EN/OF

#### Negatiewe/Nadele

- Foutiewe besluite kan gemaak word√ as personeel onervare is/nie ten volle ingelig is nie.√
- Besluitneming mag tydwend wees√ omdat alle belanghebbendes gekonsulteer moet word.√
- Werknemers mag ontmoedig voel√ as hul opinies/insette nie oorweeg word nie.√
- Ms Green kan te veel staatmaak op die insette van volgelinge√ en in gebreke bly om die finale besluit te neem.√
- Nie altyd effektief in tye van nood√ as vinnige besluite geneem moet word nie.√
- Sommige werkers kan voorgee dat hulle aan die proses deelneem√ en nie altyd akkurate terugvoering gee nie.√
- Enige ander relevante antwoord wat met 'n negatiewe impak van 'n demokratiese leierskapstyl op Baloyi Handelaars/'n besigheid verband hou.

- LET WEL:**
1. **Aanvaar relevante feite, indien die demokratiese leierskapstyl verkeerdelik as antwoord in VRAAG 3.6.1 gegee is.**
  2. **Aanvaar Deelnemend/Konsultatiewe leierskapstyle.**

**Maks (8)**

### 3.6.3 Voordele van die situasionele leierskapsteorie

- Verskillende leierskapseienskappe word benodig vir verskillende situasies.√√
- Die taak/situasie dikteer/bepaal die leierskapstyl wat toegepas moet word, daarom moet leiers aanpasbaar/buigsaam/selfversekerd wees.√√
- Doeltreffende toepassing van hierdie teorie kan Ms Green in staat stel om haar doelwitte te bereik.√√
- Verhoudinge tussen leiers en werknemers is gebaseer op wedersydse vertroue/respek/lojaliteit/integriteit/eerlikheid.√√
- Sy het die vermoë om 'n situasie te 'lees'/die gepaste persone in die regte posisies te plaas om take suksesvol af te handel.√√
- Leiers analiseer groepslede/doelwitte/tydsbeperkings, en stel dan 'n toepaslike leierskapstyl in werking.√√
- Enige ander relevante antwoord wat met die voordele van die situasionele leierskapsteorie verband hou.

**Maks (6)**

**3.7 Sukses en/of mislukking van maatskappye sonder winsoogmerk (MSW)**

	<b>SUKSESAKTORE</b>	<b>EN/OF</b>	<b>MISLUKKINGFAKTORE</b>
<b>3.7.1 Kapitaal</b>	- Onbeperkte aantal stigters√ kan meer kapitaal tot die MSW bydra. √		- Stigters kan beperkte/glad nie kapitaal bydra nie√ wat nie voldoende is vir die totstandkoming/bedryf van die MSW nie.√
	- Meer kapitaal kan byeengebring word deur donasies/borgskappe√ vir bedrywighede/uitbreiding.√		- Die MSW is afhanklik van/maak staat op donasies as hul hoofbron van kapitaal√ wat bedrywighede/uitbreiding kan belemmer/inperk.√
	- Dit is maklik om fondse/kapitaal te verkry√, as donateurs belastingvoordele geniet.√		- MSW kan sukkel om genoeg kapitaal/fondse te kry√ as hulle nie donateurs kan oortuig nie/donasies misbruik.√
	- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die bydrae wat kapitaal tot die sukses van 'n MSW lewer.		- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die bydrae wat kapitaal tot die mislukking van 'n MSW lewer.

**Maks (4)**

	<b>SUKSESAKTORE</b>	<b>EN/OF</b>	<b>MISLUKKINGFAKTORE</b>
<b>3.7.2 Bestuur</b>	- 'n MSW kan goed bestuur word√ want dit vereis 'n minimum van drie direkteure.√		- Groot bestuurstrukture√ kan besluitneming bemoeilik/vertraag.√
	- Meer direkteure kan aangestel word√ om meer vaardighede/idees/vernuwing/kenners na die MSW te bring.√		- Direkteure kan besigheidsfondse wanbestuur√ omdat hulle nie 'n direkte belang by die MSW het nie.√
	Die wetlik voorgeskrewe bestuurstruktuur√ verseker 'n goedgeorganiseerde MSW.√		Direkteure is aanspreeklik√ vir enige verlies/skade/koste deur die maatskappy aangegaan.√
	- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die bydrae wat bestuur tot die sukses van 'n MSW lewer.		- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die bydrae wat bestuur tot die mislukking van 'n MSW lewer.

**Maks (4)****LET WEL: Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.****[60]****UITEENSETTING VAN PUNTE**

<b>VRAAG 3</b>	<b>PUNTE</b>
<b>3.1</b>	<b>8</b>
<b>3.2</b>	<b>8</b>
<b>3.3</b>	<b>8</b>
<b>3.4</b>	<b>3</b>
<b>3.5</b>	<b>8</b>
<b>3.6.1</b>	<b>3</b>
<b>3.6.2</b>	<b>8</b>
<b>3.6.3</b>	<b>6</b>
<b>3.7.1</b>	<b>4</b>
<b>3.7.2</b>	<b>4</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>60</b>



**VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE****4.1 Ekonomiese regte van werkers in die werkplek**

- Vry van gedwonge arbeid.√
- Vry om werk te aanvaar/kies.√
- Regverdige lone/Gelyke betaling.√
- Billike/Wettige beperking van werksure.√
- Veilige en gesonde werksomstandighede.√
- Aansluit/Stig van vakbonde.√
- Reg om aan 'n wettige staking deel te neem.√
- Reg op opleiding/verbetering van vaardighede vir beroepsbevordering.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die ekonomiese regte van werknemers in die werkplek verband hou.

**LET WEL: Sien slegs die eerste VYF (5) na.****(5 x 1) (5)****4.2 Hantering van konflik in die werkplek**

- Erken√ dat daar konflik in die werkplek is.√
- Identifiseer die oorsaak/oorsake√ van die konflik√/Evalueer√ die situasie objektief.√
- Maak voornemens vir intervensie duidelik√, sodat betrokke partye gerusgestel kan word.√
- Belê 'n vergadering√ tussen die partye in konflik en bestuur.√
- Blaamverskuiwing moet vermy word√ en gesamentlike spanoplossings moet gevind word.√
- Ontwikkel/Maak voorstelle vir moontlike strategieë√ om die konflik op te los.√
- Partye moet saamstem√ oor die beste moontlike oplossing(s).√
- Rig/Lei partye wat in konflik is√, om oplossings te vind/te fokus op oplossings.√
- Kies die beste moontlike oplossing√ en implementeer dit.√
- Kundiges in konflikhantering√ kan van buite die onderneming verkry word.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die hantering van konflik in die werkplek verband hou.

**LET WEL: Indien probleemoplossingstappe nie die hantering van konflik demonstreer/verduidelik nie, ken slegs 'n maksimum van 4 punte toe.****Maks (8)****4.3 Onetiese of onprofessionele besigheidspraktyke**

4.3.1 Pryse van goedere in landelike gebiede.√√

4.3.2 Ongemagtigde gebruik van fondse.√√

4.3.3 Misbruik van werkstyd.√√

**Maks (6)****4.4 Toepassing van die dinkskrumtegniek**

- Noem/Definieer die sakeprobleem duidelik√, sodat alle deelnemers/ belanghebendes die probleem kan verstaan.√
- Lede/Deelnemers kan moontlike oorsake van die sakeprobleem wat gedinkskrum gaan word, noem.√
- Bepaal 'n tydsbeperking√ vir elke dinkskrumsessie.√
- Skryf idees neer√, waar alle deelnemers dit kan sien.√/Idees kan ook aanlyn gedeel word√ gedurende 'n e-dinkskrumsessie.√
- Gebruik elke voorstel√ om nuwe idees/gedagtes na vore te laat kom.√

- Alle lede van die groep√ kan lukraak voorstelle maak.√
- Die groep sit idees in volgorde√ volgens hul bruikbaarheid/sukses/ moeilikheidsgraad/implementeringskoste.√
- Idees moet nie beoordeel/gekritiseer/bespreek word nie√, sodat soveel as moontlik idees so vinnig as moontlik genoem/gegee kan word.√
- Bespreek 'n plan van aksie√ oor hoe om die beste idees te implementeer.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die toepassing van die dinkskrumtegniek om besigheidsprobleme op te los, verband hou.

**LET WEL: 1. Geen punte word vir voor- en nadele toegeken nie.  
2. Stappe kan in enige volgorde wees.**

**Maks (8)**

#### 4.5 Kriteria vir die beoordeling van suksesvolle spanprestasie

##### 4.5.1 Interpersoonlike gesindhede en gedrag

- Lede het 'n positiewe houding van ondersteuning√ teenoor mekaar.√
- Goeie interpersoonlike verhoudings√ sal werksbevrediging verseker/span se produktiwiteit verhoog.√
- Lede is toegewyd/passievol√ om 'n gemeenskaplike doelwit/doelstelling te bereik.√
- Spanleier moet erkenning/krediet gee aan lede√ vir positiewe bydraes.√
- Spanlede moet respek vir mekaar√ se vaardighede en kennis toon.√
- Enige ander relevante antwoord wat met interpersoonlike gesindhede en gedrag as kriteria vir suksesvolle spanne verband hou.

**Maks (2)**

##### 4.5.2 Kommunikasie

- 'n Duidelike stelprosesse/prosedures vir spanwerk√ verseker dat elke spanlid sy/haar rol verstaan.√
- Doeltreffende/Goeie kommunikasie tussen spanlede√ kan lei tot vinnige besluite.√
- Gehalte terugvoering√ verbeter die moraal van die span.√
- Oop/Eerlike kommunikasie√ gee aanleiding tot effektiewe oplossings van probleme.√
- Voortdurende hersiening van span se vordering√ verseker dat spanlede foute kan regstel/proaktief optree om te verseker dat doelwitte bereik word.√
- Enige ander relevante antwoord wat met kommunikasie as kriteria vir suksesvolle spanne verband hou.

**Maks (2)**

#### 4.6 Belangrikheid van spandinamika-teorieë

- Spandinamika-teorieë verduidelik√ hoe doeltreffende spanne werk.√
- Besighede kan take toeken√ volgens die rolle van spanlede.√
- Spanlede kan hul beste prestasie/werk lewer√ as take volgens hul vermoëns/vaardighede/belangstellings/persoonlikhede toegeken word.√
- Spanlede met dieselfde sterkpunte√ kan meeding vir spantake/verantwoordelikhede wat hul vermoëns/bevoegdhede die beste pas.√
- Teorieë kan spanleiers help om die soorte persoonlikhede van spanlede beter te verstaan√ sodat take meer effektief toegeken kan word.√
- Konflik kan verminder word√ wanneer spanlede verskillende rolle/take uitvoer.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die belangrikheid van spandinamika-teorieë vir beter spanprestasie verband hou.

**Maks (4)**

**4.7 Voordele van diversiteit in die werkplek**

- Diversiteit van die werksmag verbeter die vermoë van die besigheid√ om probleme te hanteer/nuwe/diverse markte te ontdek/ontgin.√
- Werknemers waardeer mekaar se diversiteit√ en leer om oor die verskilgrense aansluiting te vind/te kommunikeer.√
- Diversiteit in die werksmag√ verhoog moraal/moitiesering.√
- Werkers toon groter lojaliteit teenoor die besigheid√ want hulle voel waardeer/gerespekteer/aanvaar/hulle word verstaan.√
- Diversiteit in die werkplek kan aan besighede 'n mededingende voordeel gee√, want hulle lewer beter dienste.√
- Deur verskille/diversiteit te respekteer√ maak goeie besighedsin/verhoog winsgewendheid.√
- Diverse besighede verseker dat hul beleide/praktyke√ elke werker bemagtig om sy/haar volle potensiaal te bereik.√
- Belanghebbendes evalueer besighede toenemend√ op grond van hoe diversiteit in die werkplek bestuur word.√
- Werkers uit verskillende agtergronde√ kan verskillende perspektiewe na die besigheid bring.√
- 'n Diverse werksmag stimuleer debat√ oor nuwe/verbeterde maniere om dinge gedoen te kry.√
- Werkers verteenwoordig verskeie groepe√ en is daarom beter toegerus om verbruikers se behoeftes raak te sien en te bevredig.√
- Besighede met diverse werksmagte het waarskynlik 'n beter openbare beeld√ en lok meer klante.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die voordele van diversiteit in die werkplek verband hou.

**Maks (8)****4.8 Professionele, verantwoordelike en etiese besighedspraktyk**

<b>SAKEPRAKTYK</b>	<b>AANHALING UIT SCENARIO</b>
- Gereelde betaling van belasting op toegevoegde waarde (BTW).√√	- Die finansiële bestuurder sien toe dat belasting op toegevoegde waarde (BTW) betyds aan SAID oorbetaal word.√
- Betaling van billike lone.√√	Werknemers word betaal volgens die hoeveelheid moeite en tyd wat hulle by die werk spandeer.√
- Om nie 'n besigheid te begin/bedryf ten koste van iemand anders nie.√√	- ND gebruik nie mededingers se idees tot voordeel van hul eie besigheid nie.√
Submaks (6)	Submaks (3)

- LET WEL:**
1. Ken slegs punte toe vir antwoorde aangehaal uit die scenario.
  2. Die besighedspraktyk moet met die aanhaling uit die scenario verband hou.
  3. Waar slegs die aanhalings genoem word, moet geen punte toegeken word nie.

**Maks (9)**

**4.9 Maniere om kreatiewe denke in die werkplek te stimuleer**

- Beklemtoon die belangrikheid van kreatiewe denke deur te verseker dat alle personeellede weet dat hulle idees gehoor sal word.√√
- Moedig personeel aan om nuwe idees/opinies/oplossings voor te stel.√√
- Maak tyd vir dinkskrumssessies om nuwe idees te genereer, bv. gereelde werkwinkels/opvolgssessies om op mekaar se idees uit te brei.√√
- Plaas voorstelhouers op verskeie plekke in die werksplek en hou kommunikasiekanale oop vir nuwe idees.√√
- Lei personeel op om innoverende tegnieke/kreatiewe probleemoplossingsvaardighede/geheuekaarte/laterale denke te gebruik.√√
- Moedig posuitruilings binne die organisasie aan/bestudeer hoe ander besighede dinge doen.√√
- Moedig alternatiewe maniere van werk/dinge doen aan.√√
- Reageer entoesiasies op alle idees en laat niemand minderwaardig voel nie.√√
- Beloon kreatiwiteit deur beloningskemas vir spanne/individue wat kreatiewe idees voorstel.√√
- Skep 'n werksomgewing wat kreatiwiteit bevorder met min afleidingsmiddels.√√
- Enige ander relevante aanbevelings vir maniere waarop besighede 'n omgewing wat kreatiewe denke stimuleer, in die werkplek kan skep.

**LET WEL: Die klem is op 'maniere', nie noodwendig voordele nie.**

**Maks (8)  
[60]**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

<b>VRAAG 4</b>	<b>PUNTE</b>
<b>4.1</b>	<b>5</b>
<b>4.2</b>	<b>8</b>
<b>4.3</b>	<b>6</b>
<b>4.4</b>	<b>8</b>
<b>4.5.1</b>	<b>2</b>
<b>4.5.2</b>	<b>2</b>
<b>4.6</b>	<b>4</b>
<b>4.7</b>	<b>8</b>
<b>4.8</b>	<b>9</b>
<b>4.9</b>	<b>8</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>60</b>

**VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE****5.1 Metodes van eksterne werwing**

- Gedrukte media, bv koerante/pamflette✓
- Elektroniese media, bv. TV/Radio✓
- Sosiale media/Sosiale netwerke/Internet/Besigheidswebtuiste✓
- Werwingsagentskappe✓
- Toevallige aansoekers/"Walk-ins"✓
- Roofwerwing/"Head hunting"✓
- Professionele verenigings/
- Netwerkvorming✓
- Opvoedkundige/Opleidingsinstellings✓
- Plakkate/Kennisgewingborde net buite die onderneming✓
- Enige ander relevante antwoord wat met die metodes van eksterne werwing verband hou.

**LET WEL:** 1. Sien slegs die eerste VYF (5) na.  
2. Ken 'n maksimum van EEN (1) punte toe vir voorbeelde van elke metode.

**(5 x 1) (5)**

**5.2 Aspekte wat in 'n induksieprogram ingesluit kan word**

- Veiligheidsregulasies en reëls.✓✓
- Oorsig van die besigheid.✓✓
- Inligting rakende die besigheid se produkte/dienste.✓✓
- Toer van die perseel.✓✓
- Bekendstelling aan bestuur en nabye kollegas.✓✓
- Diensvoorwaardes, bv. werksure/verlof aansoekprosedure/dissiplinêre prosedure✓✓, ens.
- Administrasiebesonderhede van stelsels/prosesse/logistiek.✓✓
- Vergadering met senior bestuur wat die maatskappy se visie/waardes/posbeskrywing/daaglikse take sal verduidelik.✓✓
- Bespreking van die indiensnemingskontrak en diensvoorwaardes.✓✓
- Bespreking van personeelbeleid, bv. maak van telefoonoproep/gebruik van internet✓✓, ens.
- Bespreking van die werknemer se voordele.✓✓
- Inligting oor KMV/KMI-programme.✓✓
- Enige ander relevante antwoord wat met die aspekte wat in 'n induksieprogram ingesluit behoort te word, verband hou.

**LET WEL:** Sien slegs die eerste DRIE (3) na.

**(3 x 2) (6)**

5.3.1 **Indiensnemingskontrak**

<b>UITDAGINGS</b>	<b>AANBEVELINGS</b>
- Dit toon slegs mnr. Du Preez se handtekening/is slegs deur mnr. Du Preez onderteken.√  <div style="text-align: right;">Submaks (1)</div>	- Beide TV (werkgever) en mnr. Du Preez moet die indiensnemingskontrak onderteken.√√  <div style="text-align: right;">Submaks (2)</div>
- Mnr. Du Preez kan gevra word om twaalf ure oortyd per week te werk.√  <div style="text-align: right;">Submaks (1)</div>	- TV/Die werkgever en mnr. Du Preez/die werknemer moet albei tevrede wees met die bepalings ingesluit in die indiensnemingskontrak.√√ - Werknemers kan oortyd werk vir 'n maksimum periode volgens wetgewing en soos ooreengekom/ tien ure per week.√√ - Oortyd moet 'n gesamentlike ooreenkoms tussen werkgever en werknemer wees.√√  <div style="text-align: right;">Submaks (2)</div>
- Daar word van mnr. Du Preez verwag om ander pligte, wat nie in sy kontrak aangedui is nie, uit te voer.√  <div style="text-align: right;">Submaks (1)</div>	- Die kontrak behoort duidelik die voorwaardes vir indiensneming/pligte/verantwoordelikhede van die werknemers uiteen te sit/te bepaal.√√ - Spesifieke besonderhede van die pos moet duidelik uiteengesit/gestipuleer word in die kontrak.√√  <div style="text-align: right;">Submaks (2)</div>
<div style="text-align: right;">Submaks (3)</div>	- Enige ander relevante aanbeveling vir 'n verbetering van die tekortkominge met betrekking tot mnr. Du Preez se indiensnemingskontrak.  <div style="text-align: right;">Submaks (6)</div>

**LET WEL: 1. Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.**

**2. Die aanbevelings moet aan die scenario/tekortkominge gekoppel wees**

**3. Ken geen punte toe vir aanbevelings wat in positiewes verander is nie, tensy dit verband hou met die wetlike vereiste nie.**

Tekortkominge (3)

Aanbevelings (6)

**Maks (9)**

**5.3.2 Ander wetlike vereistes van die indiensnemingskontrak**

- Die indiensnemingskontrak is 'n wetlik bindende dokument, alhoewel sekere aspekte daarvan onderhandelbaar is.√√
- Nie mnr. Du Preez/werknemer of TV/werkgewer kan eensydig aspekte van die indiensnemingskontrak verander nie.√√
- TV/Werkgewer moet die terme en voorwaardes van die indiensnemingskontrak aan mnr. Du Preez/werknemer verduidelik, indien dit nodig geag word.√√
- Werkgewers moet werknemers toelaat om die diensvoorwaardes en gedragskodes deur te lees voordat hulle dit onderteken.√√
- Mnr. Du Preez kan ook regskenners raadpleeg om hom te help om die terme en voorwaardes van die kontrak te verstaan.√√
- Betrokke partye moet kontraktuele kapasiteit hê.√√
- Dit behoort 'n gedrags- en/of 'n etiese kode vir werknemers in te sluit.√√
- Spesifieke besonderhede van die pos/vergoedingspakket behoort duidelik in die kontrak uiteengesit te wees/aan werknemers verduidelik te word.√√
- Dit moet duidelik stipuleer wat werknemers in terme van voordele en arbeidswetgewing gaan ontvang.√√
- Alle besigheidsbeleidstukke/prosedures/dissiplinêre kodes√ moet deel vorm van die indiensnemingskontrak.√√
- Enige ander relevante antwoord wat met ander wetlike vereistes van die indiensnemingskontrak verband hou.

**LET WEL: 1. Sien slegs die eerste TWEE (2) na.****2. Geen punte moet toegeken word vir wetlike vereistes wat reeds in VRAAG 5.3.1 genoem is nie. (2 x 2) (4)****5.4 Keuringsproses**

- Bepaal regverdigde assesseringskriteria√ waarop keuring gebaseer sal word.√
- Aansoekers moet die aansoekvorms/curriculum vitae in dien√ asook gesertifiseerde kopieë van persoonlike dokumente/ID's/bewys van kwalifikasies√, ens.
- Sorteër die dokumente wat ontvang is/CVs√ volgens die assesserings-/keuringskriteria.√
- Sif aansoeke/Bepaal watter aansoeke aan die minimum posvereistes voldoen√ en skei hierdie aansoeke van die res.√
- Voorlopige onderhoude word gehou√ as 'n aantal gepaste aansoeke ontvang is.√
- Gaan referente/verwysings na om die inhoud van CVs te verifieer/bevestig√, bv. kontak vorige werkgewers om werksondervoeding te bevestig.√
- Stel 'n kortlys√ van potensiële kandidate geïdentifiseer, saam.√
- Gekortlyste kandidate kan aan verskeie soorte toetse onderwerp word√, bv. vaardigheidstoetse√, ens.
- Nooi gekortlyste kandidate√ vir 'n onderhoud.√
- 'n Geskrewe aanbod√ word aan die gekose/gekeurde kandidaat gemaak.√
- Stel onsuksesvolle aansoekers in kennis√ van die uitslag van hul aansoek.√/Sommige advertensies toon 'n sluitingsdatum√ vir terugvoer slegs aan suksesvolle kandidate.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die keuringsproses verband hou.

**LET WEL: Prosedure kan in enige volgorde wees.****Maks (8)****5.5 TGB-elemente**

5.5.1 Totale kliënte-/klante-tevreedenheid√√

5.5.2 Deurlopende/Voortgesette vaardigheidsontwikkeling/Onderwys en opleiding√√

5.5.3 Deurlopende/Volgehoue verbetering van prosesse en stelsels√√

5.5.4 Betrokkenheid van alle werknemers/Personeelgebaseerde bestuur/  
Spanwerk√√

5.5.5 Voldoende finansiering en kapasiteit√√

**(5 x 2) (10)**

**5.6 Vermindering van die koste van gehalte d.m.v. TGB**

- Stel gehaltesirkels/klein groepe van vyf of tien werkers in plek√, wat gereeld bymekaarkom om metodes, waarop hulle hul werk kan verbeter, te bespreek.√
- Skeduleer aktiwiteite√ om duplisering van take uit te skakel.√
- Deel verantwoordelikheid vir gehalte-uitsette√ tussen bestuur en werknemers.√
- Lei werknemers op alle vlakke op√, sodat elkeen sy/haar rol in gehaltebestuur verstaan.√
- Ontwikkel werkstelsels wat werknemers bemagtig√ om nuwe maniere vir gehalte-verbetering te vind.√
- Werk baie nou saam met verskaffers om die gehalte van grondstowwe/insette te verbeter.√
- Verbeter kommunikasie rondom gehalte uitdagings/afwykings√, sodat elkeen uit ondervinding kan leer.√
- Verminder belegging√ in duur, maar ondoeltreffende inspeksieprosedures in die produksieproses.√
- Implementeer proaktiewe onderhoudsprogramme vir toerusting/masjinerie√ om produksieonderbrekings te verminder/uit te skakel.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die vermindering van die koste van gehalte deur middel van TGB verband hou.

**Maks (6)****5.7 Onderskeiding tussen gehalteprestasie en gehaltebestuur**

<b>GEHALTEPRESTASIE</b>	<b>GEHALTEBESTUUR</b>
- Totale prestasie van elke afdeling word gemeet√ teen gespesifiseerde standaarde.√	- Dit is tegnieke/instrumente√ wat gebruik word om die gehalte van produkte te ontwerp/verbeter.√
- Kan bereik word, as alle afdelings/ departemente saamwerk√ na dieselfde gehaltestandaarde.√	- Kan gebruik word vir verantwoordbaarheid√ binne elke besigheidsfunksie.√
- Kwaliteit word gemeet√ deur fisiese produkte/statistiese uitsette van prosesse/vraelyste van gebruikers en/of kopers van goedere/dienste.√	- Is daarop gemik om te verseker√ dat die gehalte van goedere/dienste konsekwent is√/Fokus op die maniere√ om eenvormigheid/konsekwentheid te verkry.√
- Enige ander relevante antwoord wat met gehalteprestasie verband hou.	- Enige ander relevante antwoord wat met gehaltebestuur verband hou.
Submaks (2)	Submaks (2)

**LET WEL: 1. Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.  
2. Die onderskeid moet duidelik wees.**

**Maks (4)****5.8 Besigheidsfunksies****5.8.1 Gehalte-aanwysers vir die bemarkingsfunksie**

- Verkry 'n groter marktaandeel deur goeie klëntediens.√√
- Wen klante se lojaliteit deur hul behoeftes en begeertes te bevredig/positiewe verhoudinge te bou.√√
- Voldoen aan etiese reklamepraktyke wanneer produkte/dienste bemark word.√√
- Identifiseer die mededingende voordeel en doen gereeld marknavorsing.√√
- Differensieer produkte om teikenmark/winsgewendheid te vergroot.√√
- Hersien waardeknessies op 'n gereelde basis.√√
- Kommunikeer effektief met klante om terugvoering te kry oor hul ondervinding van die produk/diens aan hulle verskaf.√√



- Verseker dat produksie- en bemarkingstrategieë in lyn is.√√
- Gebruik prystegnieke om 'n mededingende voordeel te verseker.√√
- Meet gapings tussen klante se verwagtinge en hul ware belewenis, sodat probleme rondom produkgehalte geïdentifiseer en aangespreek kan word.√√
- Maak aanpassings/veranderinge aan produkte/dienste gebaseer op die terugvoer van klante ontvang.√√
- Gebruik aggressiewe advertensieveldtogte om markaandeel te behou.√√
- Enige ander relevante antwoord wat met gehalte-aanwysers van die bemarkings-funksie verband hou.

**LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**

**(2 x 2) (4)**

### 5.8.2 Gehalte-aanwysers van die administratiewe funksie

- Vinnige en betroubare datavaslegging en -prosesseringstelsels.√√
- Stel betroubare/geloofwaardige inligting betyds beskikbaar aan bestuur.√√
- Maak relevante inligting beskikbaar vir vinnige besluitneming.√√
- Hanteer klagtes vinnig en doeltreffend.√√
- Gebruik moderne tegnologie doeltreffend.√√
- Implementeer effektiewe risiko-bestuursbeleide om besigheidsverliese tot die minimum te beperk.√√
- Gehalteversekering/-beheer/-evaluering word akkuraat aangeteken.√√
- Alle dokumentasie word netjies en ordelik in veilige bewaring gehou.√√
- Maklik om inligting/dokumente op te roep/te vind.√√
- Finansiële dokumente word op datum gehou en akkuraat opgeteken.√√
- Alle stelsels en prosesse word gedokumenteer.√√
- Enige ander relevante antwoord wat met gehalte-aanwysers van die administratiewe funksie verband hou.

